Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 37\06

Datum verhoor: 2006-06-12
Datum gelewer: 2006-06-00

In die appél van:

**NDENDE DODO** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R et VAN NIEKERK WNR

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant kom met verlof van die verhoorhof in hoër beroep teen die vonnis van 10 jaar gevangenisstraf wat hom opgelê is vir poging tot verkragting. ‘n Onrusbarende aspek is dat die skuldigbevinding en vonnis alreeds op 21 Januarie 2000 afgehandel is en verlof om te appelleer is verleen op 15 Mei 2000. Dit blyk nie uit die stukke voor ons waarom dit 6 jaar lank geduur het vir hierdie appél om aangehoor te word nie. Daar is wel egter ‘n skrywe vanaf die appellant uit die gevangenis te De Aar, gedateer 25 Julie 2005 waarin hy aansoek doen vir “*’n heraansoek*

*tot appél*", omrede sy appél nooit aangehoor is nie. Die lang vertraging is onaanvaarbaar en is 'n skreiende onreg teenoor die appellant wat so lank moes wag om sy appél bereg te kry.

2. Die feite en omstandighede van die misdryf blyk kortliks as volg te wees:

2.1 Die appellant is die stiefvader van die klaagster wat 9 jaar oud was ten tyde van die voorval.

2.2 Die klaagster se moeder het op die dag van die voorval vir die appellant en die klaagster gestuur om paraffien te gaan koop.

2.3 Oppad na die winkel het die appellant die klaagster die bosse ingetrek, haar laat ontklee en bo-op haar gaan lê en op-en-af bewegings gemaak.

2.4 Die appellant is onderbreek deur ene *Shadrack Magano* wat onverwags daar op die toneel opgedaag het. Magano het die appellant daar gekonfronteer en laasgenoemde het toe op die vlug geslaan. Magano het, met die hulp van twee ander jong mans, die appellant agternagesit, hom in 'n nabygeleë erf vasgekeer en die polisie ontbied.

2.5 Die polisie het met Magano, die appellant en die ander twee jong mans vertrek na die klaagster se woning, waar hulle die klaagster uitgevra het oor wat gebeur het. Dit het daar geblyk dat, soos die klaagster dit gestel het, die appellant haar verkrag het.

3. Die streeklanddros het twyfel gehad of penetrasie wel bewys is, gegewe die mediese verslag en die onbetroubaarheid van die klaagster se getuienis alleenstaande as 'n enkelgetuie. Hy het derhalwe die appellant die voordeel van twyfel laat toeval en hom bloot skuldig bevind aan poging tot verkragting.

4. Die appellant was 37 jaar oud ten tyde van die voorval, hy het tot standerd 1 op skool gevorder en was werksaam by 'n konstruksie-

besigheid waar hy ‘n inkomste van R50/dag verdien het. Die appellant was verder verhoorafwagtend vir ongeveer 9 maande. Hy het ‘n taamlik omvangryke misdaadrekord, die belangrikste daarvan is ‘n vonnis van 16 jaar gevangenisstraf wat hy op 26 April 1985 opgelê is op ‘n aanklag van moord. Die voorval in die onderhawige saak het plaasgevind gedurende 1999 en die afleiding is derhalwe geregverdig dat die appellant die onderhawige misdryf gepleeg het kort na sy vrylating op die voormelde moord.

5. Volgens die mediese getuienis was daar geen fisiese beserings waargeneem by die klaagster nie. Dit is egter onteenseglik so, soos wat die streeklanddros tereg bevind het in sy vonnisuitspraak, dat dit erg strafverswarend is dat die appellant die vertroue wat die klaagster in hom as haar stiefpa gestel het, gruwelik misbruik het. Dit is verder onteenseglik ook so, soos wat die streeklanddros tereg uitgewys het, dat hierdie tipe misdryf en die algemene molestering van kinders onrusbarende afmetings aanneem in hierdie provinsie.

6. Wanneer die tersaaklike strafverswarende en strafversagtende faktore, soos hierbo vermeld, teenoor mekaar opgeweeg word, meen ek egter dat die vonnis ‘n gevoel van skok wek by my. Dat die appellant ‘n besonder laakbare daad gepleeg het, ly geen twyfel nie. Verder kan ‘n mens aanvaar dat, indien hy nie onderbreek was in sy wandaad met die verskyning van Magano op die toneel nie, hy heelwaarskynlik voort sou gegaan het om die

klein dogtertjie te verkrag. In só ‘n geval sou die appellant dan blootgestaan het aan lewenslange gevangenisstraf ingevolge die bepalings vervat in Wet 105 van 1997. Die feit van die saak is egter dat hy skuldig bevind is aan poging tot verkragting en meen ek dat 10 jaar direkte gevangenisstraf in die omstandighede van hierdie saak skokkend onvanpas is.

7. Die appellant was nog nooit vantevore aan verkragting of onsedelike aanranding skuldig bevind nie en meen ek dat hy in dié verband tegemoet gekom moet word deur `n korter termyn van gevangenisstraf. Daarmee saam hou ek in gedagte dat die appellant vir 9 maande verhoorafwagtend in hegtenis was.

8. Die volgende bevel word uitgereik:

**8.1 Die appellant se skuldigbevinding word bekragtig.**

**8.2 Die appél teen vonnis slaag.**

**8.3 Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:**

**“Sewe (7) jaar gevangenisstraf.”**

**8.4 Ingevolge die bepalings vervat in artikel 282 van die Strafproseswet, 51/1977, word die vonnis teruggedateer tot 21 Januarie 2000.**

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

**JG VAN NIEKERK**
**WAARNEMENDE REGTER**

NAMENS APPELLANT : ADV PJ CLOETE
NAMENS RESPONDENT : ADV DP OLIVIER